**Abram se geloof word getoets**

**Gen 12:9-13:4**

**20 Augustus 2023**

1. Vantevore: Die Here het aan Abram die volgende beloof: 'n land, groot nasie, groot naam, seën. Abram het die Here en Sy beloftes geglo. Roeping/geloof/bekering: Roeping gaan geloof vooraf, die Here roep soewerein, die Here roep effektief, roeping lei tot geloof, geloof lei tot bekering, vervulling van beloftes is hoogstens gedeeltelik in hierdie lewe, die roeping van die Here is 'n seën.
2. Betekenis van die gebeure vir Abram (Gen 12:9-13:4)
    a. Gebeure begin en eindig by Negev (Gen 12:9, 13:1)
    b. Hongersnood laat Abram Egipte toe trek (Gen 12:10)
    c. Implikasie: sy lewe is in gevaar a.g.v. Sarai se skoonheid en die verwagte gedrag van die farao (Gen 12:11-13, 6:1-4) Oplossing: Sarai moet sê sy is Abram se suster – halwe waarheid (vgl Gen 20:12)
    d. Twee beloftes in gedrang a.g.v. wankelende geloof: die land en die nageslag
    e. Abram se plan "werk" – sy lewe gespaar, ontvang bruidskat (Gen 12:14-16)
    f. Die Here gryp in – konfronteer die farao en Abram, Abram eindig as ryk man by Negev (Gen 12:17-19, 13:2)
    g. Uitkoms: Abram is weer by Negev met sterker geloof, en ryker.
3. Betekenis van die gebeure vir die volk Israel:
    a. Ooreenkomste tussen Abram en Israel:
        - Hongersnood (Gen 12:10 vs 47:4)
        - Uitbuiting deur Egiptenare (Gen 12:14-16 vs Eks 1:11-14)
        - Plae (Gen 12:17 vs Eks 7:14-12:29)
        - Bruidskat/buit (Gen 12:16 vs Eks 12:33-36)
        - Deur woestyn na beloofde land (Gen 13:1-3, vs Eks 17:1, 15:17)
    b. Abram moes vir die volk as voorbeeld dien tydens hulle toets
    c. Egiptenare is nie vir ewig verlore nie (Deut 23:7b-8, Jes 19:1-4, 19-25)
4. Betekenis van die gebeure vir ons
    a. Ons geloof moet en sal ook getoets word – sodat die Here Sy einddoel kan bereik
        - Vgl Petrus (Luk 22:31-34)
        - Vgl Jesus (Luk 4:1-4)
        - Sonder geloof onmoontlik om God te behaag – moet glo Hy bestaan en Hy vervul beloftes (Heb 11:6)
        - Verdrukking (toets van geloof) lei tot hoop op vervulling van beloftes (Rom 5:3-5)
    b. Groei in geloof waarborg nie voorspoed/rykdom nie
        - Abram is OT voorbeeld: soos wat belofte van land en nasie meer ingehou het as net fisiese land en nasie, so hou belofte van seën meer in as fisiese seën (rykdom) (vgl Heb 11:10)
        - Voorbeelde van gelowiges wat nie fisiese seën ontvang nie, maar wat wel deel in vervulling van beloftes (vgl Heb 11:35-40)